the essence
KOMMUNIKASIE

Sonder Seëls

e-tydskrif

Spesiale aflewering vir jou.

Maart 2021
Uitgawe 64
Jaar 12

Maart 2021
Uitgawe 64 Jaar 12
Sonder Seëls
kontak@sonderseels.co.za

Liewe Leser

Indien jy nog nooit van *rammed earth* gehoor het nie, is jy nie alleen nie. 'n Nuwe wêreld het voor my oopgegaan toe Karl Horak begin vertel van hierdie boumetode wat hy gevolg het om 'n omgewingsvriendelike huis te bou. Ons moes 'n tegniese woordeboek nadertrek om oor hierdie interessante onderwerp te skryf. Bl. 3.

Dit klink of masker-dra baie lank 'n deel van ons alledaagse bestaan gaan wees, volgens Jessie Swart, lewensafrigter. Die masker kan jou laat voel asof jy emosioneel nie kontak maak met iemand nie, en daarvoor noem Jessie verskeie vaardighede wat ons kan aanleer om makliker en beter te kommunikeer. Bl. 7.

As daar nou een ding is van Rampie, is dit dat hy vreeslik lief is vir sy vulletjies. Veral as hulle nog klein is en nie kan terugbalk nie, en hy hulle in die donkietradisies kan opvoed. Maar oor Rampie se streke sal ons maar liewer swyg.

Indien jy die Januarie-uitgawe van *Sonder Seëls* misgeloop het, kan jy dit aflaai by www.sonderseels.co.za. Om met ons te gesels, stuur 'n e-posboodskap na kontak@sonderseels.co.za.

Die *Sonder Seëls*-span wens vir jou 'n geseënde Paastyd toe.

Groete
Lilla du Preez

15 Maart 2021

Inhoud

3

Dit was 'n baie groot uitdaging, want daar is bitter min sulke projekte in Suid-Afrika gedoen.

7

Onder ons maskers het lag en vreugde verdwyn. Hoe lag mens as jy angstig, gefrustreerd, depressief is?

12

Enige rede is 'n goeie rede om Corinne se beetslaai te maak. Beet en botterskorsie saam is 'n wenner!

13

"Ek skryf omdat mense my interesseer. Veral verhoudingsverhale roer my hart..." - Helene De Kock, skryfster van Die Kind uit die Wingerd.

15

Waar Rampie aan 'n emmerlys kom, weet nugter, maar sy donkiekop weet presies wat hy daarmee wil doen.

Antieke boumetode bring verrassing en trots

Om 'n omgewingsvriendelike huis te bou klink na 'n goeie idee, maar die uitvoering daarvan is nie so maklik nie. Toe Karl Horak besluit om 'n huis in die Boschhoek Berglandgoed te bou, het hy een van die oudste antieke boumetodes gekies: die vasgestampte grond-metode, bekend as rammed earth.

Karl en Rudi Horak

Wat is die vasgestampte grond-metode of *rammed earth?*

Dit beteken dat grond uit die omgewing gebruik word om die mure van die huis te bou. 'n Vorm, ongeveer 300 mm of breër, word met steierplanke gebou en met grond gevul, wat dan vasgestamp word. Wanneer die muur gevorm is, word die bekisting verwyder.

'n Klein hoeveelheid sement, 3% – 10%, kan by die grondmengsel gevoeg word, afhangende van die gehalte van die grond.[1] Omdat die grond vasgestamp word, is dit noodsaaklik dat die vorm waarin die kompaksie plaasvind, enorme krag kan hanteer en nie meegee nie. Die voginhoud van die grond moet ook reg wees.

Links bo: Die Smit- en Steyn-gesinne se huise.
Links: Die agterdeur van die hoofgebou.

Bo: Voorstoep en swembad-area.
Rudi het die deksel van die swembad ontwerp: dakmateriaal in 'n staalraam loop op sekuriteitshekwiele op 'n spoor, en skuif maklik oor die swembad om dit te bedek teen wilde diere en klein kinders.



Regs: Die boom lyk heel tevrede om as buitelugstort te dien.

Waarom het julle besluit om 'n omgewingsvriendelike huis te bou?

My vrou Rudi was voorheen in beheer van Sci-Enza wetenskapontdekkingsentrum by die Universiteit van Pretoria, en haar blootstelling aan die bewaring van die omgewing het 'n groot invloed op ons besluit gehad. Die Boschhoek brosjure het ook voorgeskryf dat slegs argitekte gebruik kan word wat 'n module oor omgewingsvriendelike argitektuur gedoen het. My broer, dr. Emile Horak, (Pr Ing) het, nadat hy in Australië in 'n *rammed earth* gastehuis tuisgegaan het, dié metode voorgestel. Hy het navorsing daaroor gedoen wat goed aangesluit het by sy nagraadse studies in paaie en aanloopbane. Dit was 'n baie groot uitdaging, want daar is bitter min sulke projekte in Suid-Afrika gedoen.

Wanneer het julle begin bou?

Die projek het in Oktober 2014 begin en is in fases gebou. Die eerste drie fases (motorhuis, hoofgebou en slaapeenheid 1) is teen Julie 2015 voltooi en fase 4 in November 2015.

Die kompleks is ontwerp in 'n *lodge* konsep met 'n hoofgebou (spens, opwasgeriewe, stoorkamer, gastetoilet, kombuis, sit- en eetkamer, groot stoep met swembad), 4 slaapeenhede (een vir ons as ouers en een vir elkeen van my dogters en hulle gesinne), elk met sy eie badkamer, en die motorhuis en stoorkamer.

Ons het deurgaans gesorg dat ons omgewingsvriendelike beginsels toepas. Ons het soveel as moontlik bome en struike behou, 'n sonkragstelsel vir elektrisiteitsvoorsiening en warm

water geïnstalleer, reënwatertenks opgerig, en 'n vleiland rioleringstelsel gebou. Herwinde hout is vir die dak en plafonne gebruik.

Spesifikasies en standaarde vir hierdie boumetode bestaan nog nie in Suid-Afrika nie. Ons het dus gesteun op Australiese standaarde, riglyne uit Zimbabwe, en ons kon baie put uit die goed gevestigde Suid-Afrikaanse padkonstruksie-tegnologie.[2]

Nie alle grond is geskik vir die vasgestampte grond-metode nie. Grond moet op die terrein, asook in 'n laboratorium getoets word om seker te maak dat die samestelling geskik is vir gebruik. Vir die bouprojek op Boschhoek is besluit om 10% sement by die grond te voeg. Hoekpilare van baksteen en 'n staalraamwerk dra die dak.[3]

Eksperimenteer

Karl het eers 'n proefmuur onder die parkeerafdak van hulle woonhuis gebou en allerhande tegnieke probeer – 'en al die foute in die boek gemaak wat betref vogtigheid van materiaal en kompaksie van grond. Daarna het ons 'n boma in ons tuin gebou, en weer geëksperimenteer met verskillende kleure grond, en geleer om hoeke te bou en weer geleer uit ons foute. Ons het ook die verseëling van die mure getoets en die tegniek bemeester.'

Huise wat met die vasgestampte grond-metode gebou is, is normaalweg koel in die somer en warm in die winter.

Onder, van links na regs: Gas warmwatertoestel wat in werking gestel kan word indien nodig. • Bekisting versterk met steierplanke en kaplatte vasgehou met skroefstawe. • Bekisting vol • Nadat die bekisting afgehaal is, vertoon die verskillende kleure sand pragtig.



Kloksgewys, vanaf heel links bo: Dwarslêers is as vensterrame gebruik. • 'n Ou werksbank is vir die kombuis-werksoppervlak en -kaste gebruik. • 'n Pas voltooide muur. • Bakstene is vir die binnemure gebruik. Dit is afgeskuur en geseël.

Watter uitdagings het julle gehad?

- Om 'n ongetoetste en onbekende boumetode (in Suid-Afrika) aan te pak het baie innovasie, kreatiwiteit, durf en dapperheid gekos. Maar die eindresultaat en om deur die proses te gaan, was absoluut die moeite werd. My broer het baie vroeg gemaan, "it's not about the finish line, it's about the journey". Dit is so waar.
- Dit was 'n groot uitdaging om al die materiaal op die terrein te kry vanaf die plaaslike verskaffers op die dorp, en ook aan te ry vanaf Pretoria.
- Om die geboue in die natuur uit te lê sonder om skade te doen, het heelwat kreatiwiteit gekos.
- Soms was van die projekte se finale produk nie aanvaarbaar nie en het ons dit aangepas, verbeter of sommer net oorgedoen.
- Party dae het ek op die terrein gewerk en dit so intens geniet dat ek amper skuldig gevoel het dat ek nie by my werk is nie!

Is jy tevrede met die projek; sal jy dit weer doen?

Die eindproduk was baie anders en beter as wat ek gevisualiseer het en ek sal weer by so 'n projek wil betrokke raak. Ons gaan byna elke naweek daarheen, en tydens inperking het ons die hele tyd daar gewoon.

Bronne:

❶,❷,❸ *Design and construction of a rammed earth green footprint house at Boschhoek Mountain Estate, Limpopo – Dr Emile Horak Pr Eng, Kubu Consultancy Pty Ltd, Centurion, South Africa*

● *Our experience with rammed earth: A manual for rammed earth building – Yves de Morsier*

het 'n mond, SAL LAG

Jessie Swart laat haar nie onderkry deur 'n masker nie. Sy het besluit om haar eie pret te skep en nie langer soos 'n perd met 'n muilband te voel nie.

Japan het sopas 'n Minister van Eensaamheid aangestel. Sy opdrag is om isolasie en eensaamheid aan te spreek, die dalende geboortesyfer om te draai, en verhoudings tussen mense te bevorder.

Engeland het in 2018 reeds die Minister van Sport en Burgerlike Sake se portefeulje uitgebrei deur 'eensaamheid' by te voeg. Dit alles, nadat huishoudelike geweld en verhoudingsonenigheid die hoogte in geskiet het.

In beide lande het die regering met dringendheid begin fokus op lewendige naasbestaan en samewerking, met ander woorde om mense weer te laat belangstel in betekenisvolle verhoudings en betrokkenheid by mekaar.

Vereensaam en geïsoleer

Ek wil liewer nie so 'n portefeulje in die Suid Afrikaanse regering skep nie, uit vrees dat een persoon daaruit ryk gaan word. Die feit bly staan: Covid het baie mense vereensaam en geïsoleer… en die dra van 'n masker het die afstand tussen ons groter gemaak. Ek het, veral aan die begin, telkemale gevoel ek is 'n perd met 'n muilband aan wanneer ek daai masker oor my ore trek, en moes doelbewus 'n besluit neem om antennas te ontwikkel om die geleentheid eerder te gebruik om my kommunikasievaardighede te verskerp en te oefen. Ek moet vir jou sê dit het groot vreugde en pret by die nare Covid-ervaring gevoeg! Ek wil jou ook uitnooi om jou eie liggaamstaal te leer ken, en om te verstaan hoe ander hul liggame gebruik om te kommunikeer.

Gesigsuitdrukking

Gesigsuitdrukking is die primêre manier waardeur emosie gedemonstreer word. Sekere emosies soos geluk, hartseer, verrassing, afkeur en vrees word veral met die gesig gekommunikeer. Ons is gewoond daaraan om iemand te verwelkom met 'n glimlag wat tande wys, simpatie te toon met 'n onderlip wat afbuig, vreugde uit te druk met 'n glimlag wat die wange laat bol … Nou gebeur alles onder 'n masker, en die vraag ontstaan: hoeveel van ons boodskap gaan verlore?

Dit is tog 'n feit dat ons na iemand se lippe moet kyk om taal te prosesseer. Babas moet na 'n mond kyk om taal en geluide aan te leer, anders is daar 'n vertraging in sy taalontwikkeling. Voorheen kon ons hallo sê met 'n glimlag sonder om te praat, maar nou moet ons werklik moeite doen om seker te maak dat emosie en nie net feite nie, oorgedra word wanneer ons praat.

Dis nou meer as ooit tevore belangrik om emosies by die naam te noem ter wille van wedersydse begrip en konneksie.

Ons moet nou ons hande, stemtoon, ons oë, ons liggaam meer as ooit tevore inspan en betrek om emosie oor te dra. 'n Masker kan jou baie maklik laat voel jy maak emosioneel nie kontak met iemand nie, en jou aandag word ook makliker afgelei as iemand 'n masker dra. Volgehoue oogkontak is vir baie mense ongemaklik, (maar die goeie nuus is dat dit makliker word na 3 sekondes… so hou moed). Die voordeel van oogkontak is dat dit jou meer intelligent en betroubaar laat voorkom. Ons sal dus na Covid dalk baie beter kommunikeerders wees as ooit tevore.

'n Paar wenke wat jou kan help op ons nuwe kommunikasie-avontuur

- Onthou: jou oë is en bly die vensters van jou siel… Mense lees jou gedagtes deur jou oë, so opregtheid of nie, word oorgedra sonder dat jy weet… Gebruik ook jou wenkbroue om 'n boodskap te beklemtoon.
- Draai na die persoon *(lean in)*, skud jou kop om te bevestig dat jy luister. As jy 'n spreekbeurt wil hê, hou jou vinger op, staan meer regop. As jou postuur dié van die spreker reflekteer (spieël), is die kanse groter dat hy/sy meer van jou gaan hou en meer met jou sal saamstem.
- Gebruik jou hande: waai, hou die duime op om goed te keur, klap hande, hou jou hart vas, hou jou maag vas, vee oor jou voorkop… Al hierdie en ander gebare kan gebruik word om emosie te kommunikeer. Wat van 'n virtuele drukkie of 'n klapsoen in die lug?
- Gelukkige mense staan regop, hou die kop omhoog. Treurigheid wys in 'n geboë postuur en –hoof. Woede wys in 'n lyf wat gespanne voorkom. Emosie word dus selfs deur jou skouers gekommunikeer … Hoe gebruik jy joune?
- Oefen effektiewe gebruik van jou stem: artikuleer woorde duidelik, gebruik tussenposes, let op na die kwaliteit van jou stem (hard, sag ens.), luister na jou stemtoon (angstig, intens, hoog, laag), glimlag selfs onder jou masker. Iemand kan jou glimlag 'hoor'. Onthou ook dat jy soms met 'n hardhorende mens praat sonder dat jy weet…

Dit klink of masker-dra baie lank 'n deel van ons alledaagse bestaan gaan wees. Ek kan dink dat ons naak gaan voel daarsonder, en dat ons dalk weer sal moet leer om minder geanimeerd te praat. Wie weet? Maar vir nou wil en moet ons gehoor word; en al hoe 'n mens nou gehoor word is as jy met jou hele lyf praat.

Onder baie se maskers het lag en vreugde verdwyn…

Waaroor moet ek lag, wil jy vra?
Hoe lag mens as jy angstig, gefrustreerd, depressief is?

Miskien het jy vergeet, en daarom wil ek jou weer help onthou dat lag:

- jou immuunstelsel versterk
- bloeddruk verlaag
- endorfiene vrystel wat pyn verlig
- kwaliteit slaap verbeter
- kalorieë brand
- maagspiere oefen
- jou oor die algemeen laat goed voel en dat jy Covid selfs beter sal kan hanteer as jy meer/weer lag.

Het jy geweet dat jou lyf glad nie kan onderskei tussen 'n regte en 'n nagemaakte lag nie? Lag is en bly werklik die beste medisyne, en dis verniet!

Begin deur jouself toestemming te gee om te lag

Dink aan iets snaaks en as jy niks vind nie, begin net lag. Dit sal kunsmatig en verspot voel, maar hou aan. Doen dit as't ware as 'n daaglikse oefening. Jy sal verstom wees oor die heilsaamheid daarvan. Glimlag breed onder jou masker … sonder rede … en doen dit 'n paar maal 'n dag.

Speel met 'n kind, 'n dier, blaai deur 'n fotoalbum, kyk na grappige video's op Youtube, drink tee saam met iemand wat lekker kan lag en vrolik van geaardheid is, dans en maak verspotte bewegings, wees meer belaglik en minder ernstig, sing 'n verspotte liedjie, lees 'n snaakse boek. Jy kan al hierdie dinge doen sonder om iemand te betrek. As jy wil kan jy 'n paar vriende/inne nooi om een of twee keer 'n week oor Zoom of Skype 'n lagklas te doen, waar julle net begin lag, nie eers praat nie.

Lag is so aansteeklik dat dit binnekort 'n verslawing kan word. Sal dit nie wonderlik wees as vreugde en lag die nare waarheid rondom Covid kan verban en verjaag nie, en dat ons sodoende werklik oorwinnend anderkant uitkom nie!

Jessie Swart, Lewensafrigter.

Kontakbesonderhede • 083 267 5224 • jessie@cambercoaching.com

CAMBER COACHING
you create, we facilitate

Boschhoek Berglandgoed Mountain Estate

Berge, savannas, waterstrome, wild

Geleë in die Waterberge slegs 2 ure vanaf Johannesburg en 1½ ure vanaf Pretoria, bied Boschhoek Berglandgoed alles waarvan ’n mens kan droom.

Hier kan jy jou eie huis bou volgens jou begroting, en self besluit hoe gerieflik jy dit wil inrig.

Daar is volop sonkrag sodat jy jou nie oor beurtkrag hoef te bekommer nie, en water is daar genoeg.

Herbert Smith, ’n stads- en streekbeplanner van beroep, se droom was om ’n werklike bos-ervaring aan te bied, met minimum skade aan die natuur.

Daar is uitstekende konnektiwiteit sodat jy in die bos kan werk.

Wild soos koedoes en waterbokke, rooi hartebees, kameelperde, rooibokke en ander wild wat natuurlik in die omgewing voorkom, is gevestig, maar nie gevaarlike diere soos buffels en renosters nie.

Landgoed-erwe wissel in grootte van 1 tot 2 hektaar, waarvan 120 verkoop is, en 60 huise-in-die-bos gebou is.

Jou droom om werklik selfversorgend in die bos te leef, word waar by Boschhoek

Boschhoek Berglandgoed Mountain Estate

Daar is nog 20 voltitel-erwe beskikbaar vanaf R999 000 op die 1500 hektaar landgoed, waar eienaars 10 jaar tyd het om te begin bou. Enkele aandele in ’n toegeruste boshuis is ook nog beskikbaar teen R350 000.

Kontak Herbert by
- **083 654 8201 of**
- **www.boschhoekmountain.co.za**
- **https://youtu.be/cvpAIbnOH84 neem jou op ’n lugvlug oor Boschhoek Berglandgoed**

Beetslaai

Maak maar seker dat jy genoeg van hierdie slaai maak, dis heerlik! **Corinne Budler** het die resep by 'n vriendin gekry, en maak dit graag wanneer sy slaai moet saamneem na 'n braai. Die resep kan maklik verdubbel word.

bestanddele

- 1 pakkie gaar heel beet, 400-500 g
- 1 pakkie botterskorsie, 400-500 g
- 'n Handvol roket
- Een wiel fetakaas
- *Balsamic Glaze*
- Sprinkelneute

metode

- Sny die botterskorsie in kleinerige blokkies en mikrogolf vir ongeveer 7 minute.
- Sprinkel olyfolie, sout en peper oor. Jy kan dit ook bedruip met heuning, as jy wil.
- Rooster die gaar botterskorsie in die oond by 180°C. Hou dit dop en roer gereeld, tot dit mooi kleur het en heeltemal sag is.
- Laat afkoel.
- Sny die beet in blokkies.
- Pak nou lae: eers roket, dan die beet en botterskorsie.
- Krummel die feta oor die slaai.
- Sprinkel die *balsamic glaze* oor, en dan die neute, net voor opdiening.
- Bedien met bloukaas slaaisous (opsioneel)

Die kind uit die wingerd: 'n Soeke na identiteit

Elkarien Fourie

Aanhangers van Helene de Kock het sekerlik reeds haar jongste roman, *Die Kind uit die Wingerd*, wat in 2019 verskyn het, gelees. Die verhaal draai om die tema van buitestanderskap wat soos die skryfster van hierdie verhaal sê, verskeie oorsake het en diep verdriet kan veroorsaak, soos uit in die hoof-en 'n sekondêre karakter se lewens blyk.

Dit is 'n verhaal wat deels op Bolandse wynplase rondom die Eersterivier en deels in Nederland teen die agtergrond van die Tweede Wêreldoorlog afspeel. Op 'n Sondag in die herfs van 1918 toe die gesinne van die twee Erasmus-broers, Janus en Peet, en hul bure, die Den Hagens, soos gewoonlik saam koffie drink, kom 'n driejarige seuntjie uit Vredenhoek se steenwingerd gestap met 'n nota aan sy baadjie vasgespeld. Daarop staan

Die kind uit die wingerd
Skrywer: Helene de Kock
Uitgewer: Human & Rousseau
ISBN: 9780798179096
Eboek: 9780798179102

"Laurens Erasmus" en die datum van sy geboorte, maar die broers skyn oënskynlik net so dronkgeslaan te wees soos die res van die aanwesiges.

Die kind sê net 'n paar Nederlandse woorde en die diensmeisie van een van die broers word aangesê om hom te versorg. Hulle twee eggenotes, Mimi en Susan en die res van die gemeenskap en natuurlik Laurens self, bly vir die volgende twee dekades wonder oor sy herkoms. Hy stel in wynbou belang, eerder as Cecil, die erfgenaam en seun van die huis waarin albei grootword. Al leidraad wat later duidelik word, is dat Laurens naar word wanneer hy eendag 'n skip in die hawe van Kaapstad sien.

Dit is om hierdie soeke van Laurens na sy identiteit wat die boek draai. Die dogter van die buurplaas, Carijn den Hagen, is die eerste mens wat die nuwe aankomeling in die goudkleurige laatmiddag uit die wingerd sien kom het en die deernis wat dit by haar wek, groei in die jare daarna tot wedersydse liefde, maar Laurens se onsekerheid oor sy herkoms verhinder hom om uiting aan hierdie toegeneentheid te gee.

Nadat Laurens homself as 'n briljante regstudent bewys, word hy Nederland toe gestuur om sy studies daar voort te sit. Dit is reeds duidelik dat hy 'n verbintenis met Nederland het en hoewel hy daarna smag om wyn te maak, klim hy gelate op die skip wat hom weg van sy twee hartstogte voer.

Dit is die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog en Carijn se lang wag begin. Die Nederlanders waarmee Laurens te doen kry, weet hulle land sal nie neutraal kan bly nie en weldra word die land dan ook deur Hitler beset. Europa as geheel word in een van die donkerste tye van sy geskiedenis gedompel.

De Kock noem haar romans "verhoudingsverhale" en hoe mense mekaar beïnvloed, staan altyd sentraal daarin. "Hoewel die liefde 'n belangrike onderwerp in my verhale is, staan dit nooit apart van ander verhoudings nie," sê sy. In hierdie boek is daar ook 'n verskeidenheid sekondêre verhoudings soos tussen Carijn en die vrou by wie sy as onderwyseres loseer en tussen haar en haar ma waar vooroordeel se vele snykante wys.

Die skryfster het deeglike navorsing gedoen oor die wêreld en tyd waarin die roman afspeel, soos die Geallieerdes se spioenasie-opset.

Sy sê: "Ek hou daarvan om aan my siening van die werklikheid getrou te bly sonder om dit die hooftema van die boek te maak. Dit is soos suurdeeg in brood. Hopelik proe die leser dit nie, maar is bewus daarvan dat 'n smaaklike brood baie aan suurdeeg te danke het."



Fiela skop die emmerlys



Fiela

Julle sal onthou

dat Rampie so 'n ruk gelede vertroulik met my wat Fiela is kom staan en balk het. Rampie staan meesal as hy nie lê nie. Toe weet hy te vertel dat dit aan my pens lyk asof ek al weer 'n vulletjie verwag. Hy meen toe dat ek versigtiger moet wees want ons moet pasop vir oorbevolking op anderplot, waar ons bly. Dit vertel hy so ewe asof hy 'n onskuldige omstander is wat niks met die saak te doen het nie. Maar hy is die enigste hings hier op anderplot. Hy probeer voorgee dat ek die skuldige is wanneer hy tot aksie, of so iets, oorgaan.

So 'n rukkie gelede kom Rampie toe weer hier by my staan met daardie vertroulike trek om sy bek. Hy vertel toe vir my dat hy dit nou op sy emmerlys het om die sesjarige my te verruil vir twee driejarige merries. Hy doen dit so ewe asof ek nie betrokke is by die hele saak nie en sê nogal ek moet dit nie persoonlik opneem nie. Rampie sou seker nie ver gekom as hy moes *negotiate* nie.



Bailey

Maar ek skrik toe nie vir die emmerlys van Rampie nie. Daar is nie baie positiewe dinge oor dié hings nie, maar as daar nou een ding van hom is, is dit dat hy vreeslik lief is vir sy vulletjies en veral as hulle nog klein is en nie kan terugbalk nie. Toe dink ek dat ons maar sien wat gebeur as twee en twee bymekaarkom – dis nou die twee en twee waaraan Rampie nie gedink nie.

Toe die vulletjie nou aankom, toe is die Rampie die ene liefde en hy wil net naamgee en die vulletjie in die donkietradisies opvoed. Dis toe dat ek hom vertel dat hy nou moet opskud met die ruilery en as hy my geruil het vir twee jong merries, gaan ek vir klein Bailey met my saamvat.

Dit is min dat Rampie so geskok raak soos toe ek hom van my plan vertel. Hy raak tjankerig en wil weet waarom hy nie vir klein Bailey kan hou nie. Maar ek staan vas by my voorneme. Dis toe dat Rampie met 'n ander plan kom. Hy vertel dat hy gaan wag tot ek agt jaar oud is en my dan sal ruil vir twee vierjarige merries. Dan kan ons nog twee vrugbare jare saam wees. Sy balkery oor vrugbare jare laat my aan die een kant bekommerd wees, maar aan die anderkant moet ek net dinge mooi beplan, dan kan daar weer 'n vulletjie wees as ek agt jaar oud is. So kan Rampie maar aanhou droom en darem altyd iets op sy emmerlys hê al gaan daar nooit iets daarvan kom nie.

Emmergroete,
Fiela

Die menings uitgespreek in Sonder Seëls is nie noodwendig dié van die redakteur of Essence Kommunikasie nie. Artikels en rubrieke word uitsluitlik vir inligtingsdoeleindes gepubliseer en daar kan nie daarop gesteun word as deskundige raad nie. Die produkte en dienste wat geadverteer word, bevat die inligting wat die adverteerder verskaf. Sonder Seëls aanvaar nie aanspreeklikheid vir die akkuraatheid en/of gehalte van produkte en dienste nie.